Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 31 | 10 Junie 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

Jy het drie keuses in die lewe.....
Gee op... Gee in... of Gee dit alles wat jy het.

JEUGDAG – 16 JUNIE 2021

Nasionale Jeugdag word volgende week, 16 Junie 2021, gevier. Die skool sowel as die Naskoolsentrum sal gesluit wees.

Die skool heropen weer soos normaal op 17 Junie 2021. Ons vra dat ouers asseblief nie onnodig leerders by die huis sal hou nie. Die skool is tans besig met finale voorbereiding met die oog op die Junie/Julie assessering.

Youth Means Power, Youth Means Motivation, Youth Means Innovation,
Youth Means Encouragement, Youth Means Responsible.....
Also, the Inspiration Happy Youth's Day..... to all My Nation Builders.....

~ Santoshkumar Malagittimath ~

ASSESSERING

D-dag kom nader..... Die halfjaar assessering sal op 17 Junie 2021 (Grondslagfase) en 18 Junie 2021 (Senior fase) afskop!

Dankie aan al ons leerders, ouers, en personeel wat die assessering met absolute erns aanpak. Ek is voorwaar dankbaar dat ouers en personeel ons leerders vir die komende paar weke positief motiveer. Onthou... wat jy "insit" sal jy terug ontvang.

Die skool sal vanaf 17 Junie 2021 tot en met 9 Julie 2021vroeër verdaag (sien tabel hieronder). Dit is om leerders die geleentheid te gee om deeglik voor te berei vir die assesserings. STERKTE aan almal!!!

Ek herinner ouers daaraan dat indien 'n leerder nie 'n assessering kan skryf, vir welke rede ook al (bv. siekte), moet die leerder 'n mediese sertifikaat inhandig die eerste dag waarop die leerder weer by die skool is. Leerders sal 'n geleentheid kry om op dieselfde dag die assessering te voltooi. Maak asseblief kontak met die skool, sodat die nodige reëlings in so 'n geval getref kan word.

Die skool sal vanaf 17 Junie 2021 tot 9 Julie 2021 as volg sluit:

12:00	Hasie Kwassie
12:15	Graad 1 en Graad 2
12:30	Graad 3
12:45	Graad 7
12:50	Graad 6
12:55	Graad 5
13:00	Graad 4

Die Naskoolsentrum se tye sal aangepas word vir die assesserings-tydperk. Naskoolleerders kan reeds vanaf 13:00 by die Naskoolsentrum aansluit. Daar sal twee studiesessies beskikbaar wees:

13:15 – 14:00	Graad 4 - Graad 7
14:30 – 15:15	Graad 4 - Graad 7

STUDIEROOSTERS

'n Goed-beplande studierooster is die sleutel tot sukses. Ek is werklik dankbaar dat so baie leerders en personeel gemotiveerd die assesserings gaan aanpak. Dit is ook wonderlik om te hoor hoeveel ouers van die huis af die leerders ondersteun en voorberei vir die halfjaar assessering.

Onthou... "Beplanning haal die krisis uit bestuur".

~ Ask yourself if what you are doing today,
is getting you closer to where you want to be tomorrow ~

WENKE AAN OUERS MET VOORBEREIDING VIR ASSESSERING

- ☆ Sorg dat u kind 'n dagbeplanner het waarin al die vakke op die datums wanneer dit hersien moet word, neergeskryf is;
- ☆ Laat u kind die dae afmerk wat hy/sy klaar geskryf en geleer het;
- ☆ As u kind klaar geleer het, kan u saam met hom/haar hersiening doen en vrae vra, om te kyk of hy/sy die werk ken;
- ☆ Help u kind die aand voor die assessering, deur alles vir die volgende dag gereed te sit, en verminder só die oggend spanning;
- ☆ Help u kind bereikbare, meetbare, haalbare en realistiese doelwitte vir homself/haarself stel;
- ☆ Luister wanneer u kind oor die assesserings praat. Help hom/haar met studiemetodes en gee vir u kind die geleentheid om insette te lewer;
- ☆ Maak 'n punt daarvan om positiewe gedrag te erken en beloon, eerder as om te fokus op wat hy/sy verkeerd doen; en
- ☆ Wees realisties oor u kind se vermoëns. Gee komplimente wanneer u kind goed in sy/haar assesserings doen en waak teen opmerkings soos: "Boetie/Sussie, jy het gewoonlik 90% in Wiskunde gekry, hoekom kry jy nou net 70%?"

"Before anything else, preparation is the key to success."
~ Alexander Graham Bell ~

AANSOEKE GRAAD R – 2022

Aansoeke het gister, 9 Junie 2021, gesluit.

Ouers sal vanaf einde Junie 2021 in kennis gestel word of hul aansoeke suksesvol was al dan nie.

Inligting rakende die inskrywings-proses sal gedurende Julie 2021 aan suksesvolle aansoekers gekommunikeer word.

Vir enige navrae met betrekking tot Gr. R aansoeke of laat-aansoeke, stuur asseblief dringend 'n e-pos na naomi@riebie.co.za.

AANSOEKE GRAAD 1 – 2022

Ons verwag dat die openingsdatum vir aansoeke vir **Graad 1 - 2022** binnekort deur die Departement van Onderwys aangekondig sal word. Hou asseblief die media en die skool se nuusbriewe en skrywes dop vir die openingsdatum en vir meer inligting.

Die oggend van die openingsdatum moet ouers, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** aansoek doen by: www.gdeadmissions.gov.za

Ouers moet intussen die volgende **verpligte stawende dokumente** gereed hê. Dié dokumente moet tydens u aanlyn-aansoek op die Departement se aanlyn-stelsel gelaai word, en ook by die skole waar u aansoek doen ingedien word.

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat.
- Afskrif van Inentingskaart/rekord van immuniserings.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se ID dokumente.
- Bewys van adres, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening in ouer se naam, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

DIE SKOOL SAL BINNEKORT MET ONS SKOOL SE VOORNEMENDE GRAAD 1-2022 OUERS KOMMUNIKEER, OM INTUSSEN 'N STEL AFSKRIFTE VAN DIE BOGENOEMDE DOKUMENTE NA DIE SKOOLKANTOOR TE STUUR. ONS VRA DAT U DIT ASSEBLIEF GEREED SAL KRY.

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

FORMELE ASSESSERING IN DIE GRONDSLAGFASE

Die Grondslagfase is tans druk besig met assessering. Ons versoek dus dat leerders nie onnodig afwesig sal wees nie. Ons besef dat ons tans moeilike tye ten opsigte van die COVID-19 virus beleef en waardeer u as ouers, se goeie samewerking in hierdie verband.

Elke leerder het reeds 'n assesseringsplan ontvang, en ons versoek u om u van hierdie datums te vergewis en te verseker dat leerders op hierdie betrokke datums soos op die assesseringsplan verskyn, by die skool teenwoordig sal wees. Ons vra ook dat leerders voor 07:30 by die skool sal wees. Ekstra tyd kan nie vir laatkommers gegee word om assesserings te voltooi nie.

Baie sterkte aan ons Grondslagfase-leerders wat volgende week met formele assesserings soos volg begin:

Graad 1 – Graad 3	17 Junie 2021	Addisionele Tale

LET WEL: Indien leerders tydens 'n formele assessering afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat ingehandig word.

HUISWERK IN DIE GRONDSLAGFASE

Grondslagfase leerders sal tot 10 Junie 2021 huiswerk ontvang. Graad 1 leerders sal wel nog inoefen-werk ten opsigte van aangeleerde klanke ontvang, maar neem kennis dat hierdie werk opsioneel sal wees en nie verpligtend nie.

Ons versoek egter al ons leerders, vanaf Graad 1 tot Graad 3, om vir die res van die kwartaal ekstra aandag aan die inoefening van leesvaardighede te gee.

INTERSENFASE - ASSESSERINGS

07:30	Skool begin. Maak asseblief seker dat leerders betyds by die skool is. Ekstra tyd kan nie vir laatkommers gegee word om assesserings te voltooi nie.
07:41 – 09:41	Skryfsessie vir Grade wat formele assessering doen. Grade wat nie formele assessering doen nie, volg 'n normale akademiese rooster.
09:41 – 12:45	Normale akademiese rooster word gevolg.

Baie sterkte aan Intersenfase-leerders wat volgende week met formele assesserings soos volg begin:

Graad 4 – Graad 7	18 Junie 2021	Wiskunde

SPORT

KRIEKET OEFENING

Let asseblief op die volgende:

*** ALLE seuns is welkom om oefening in hul ouderdoms-groep by te woon, soos onder aangedui.**

14 Junie 2021	14:15 – 15:00	O/11, O/12 & O/13
15 Junie 2021	14:15 – 15:00	O/9A O/10
16 Junie 2021	GEEN OEFENING	
17 Junie 2021	14:15 – 15:00	O/9A O/10

LANDLOOP

Oefentye is vanaf 14:15 – 15:15 op Maandag, Dinsdag en Donderdag.

TENNIS

Daar moet 'n ranglys saamgestel word, dus vra ons dat al die seuns en dogters wat reeds in die oggende oefen, met al hul toerusting, op die volgende datums by tennisbane sal aanmeld:

Seuns : 14 Junie 2021 om 14:15
Dogters : 15 Junie 2021 om 14:15

ALGEMEEN

RIEBIE KOMBERSE EN KUSSINGS

Komberse
U kan nou vir u kind sy/haar eie Riebie-kombersie teen R150-00 aankoop. Die winter is beslis hier en u kan gerus belê in een van ons unieke kombersies! Gebruik asseblief die bankbesonderhede en verwysingsnommer **9769/001**, soos hieronder aangedui.

Kussings
Die spesiale Riebie-kussings kan teen R175-00, per kussing, aangekoop word. Gebruik asseblief die bankbesonderhede en verwysingsnommer **9756/001**, soos hieronder aangedui.

Rekeningnaam	:	Laerskool van Riebeeckpark
Bank	:	FNB
Tipe Rekening	:	Tjekrekening
Takkode	:	205 609
Rekeningnommer	:	6274 913 4243
Verwysingsnommer (**Kombers**)	:	9769/001 + kind se naam, van en graad
Verwysingsnommer (**Kussing**)	:	9756/001 + kind se naam, van en graad

OLYF: SKOOL SE FONDS VIR BEHOEFTIGE LEERDERS- EN GESINNE

Ons versoek asseblief indien daar enige gesinne is wat wintersklere, vir dogters, maar veral ook vir seuns kan skenk, sal dit opreg waardeer word.

Byvoorbaat dankie vir u positiewe samewerking en omgee vir die Riebie-skoolgemeenskap, dit word opreg waardeer.

RIEBIE MASKERS

Die dra van ‘n masker is elke dag **verpligtend**. Koop gerus vir u kind nog Riebie maskers teen R30-00 per masker.

Riebie-masker 1 (**RM1**) -
Groot renoster in die middel

Riebie-masker 2 (**RM2**) -
Klomp klein renostertjies

Rekeningnaam	:	Laerskool van Riebeeckpark
Bank	:	FNB
Tipe Rekening	:	Tjekrekening
Takkode	:	205 609
Rekeningnommer	:	6274 913 4243
Verwysingsnommer	:	9701 + U kind se naam, van en graad + (RM1 of RM2)

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 14 JUNIE 2021 – 18 JUNIE 2021

MAANDAG	CHIP ROLLS	BROODJIE & MILO
DINSDAG	PIZZA	BROODJIE & MILO
WOENSDAG	**NASKOOLSENTRUM GESLUIT - PUBLIEKE VAKANSIEDAG - JEUGDAG**	
DONDERDAG	KERRIE & RYS	BROODJIE & MILO
VRYDAG	BURGERS	SKYFIES & MILO

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***